BUILDING YOUR OWN FUEL-EFFICIENT STOVE BOU JOU EIE BRANDSTOF-DOELTREFFENDE STOOF

Several companies make fuel-efficient stoves that can be purchased. However, it is also very easy and inexpensive to make your own. A fuel-efficient stove is a fire resistant container that holds a cooking pot or kettle. A fire is made in the bottom and the container holds the flames around the pot.

Verskeie firmas vervaardig en verkoop brandstof-doeltreffende stowwe. Dit is egter baie maklik en goedkoop om jou eie te maak. 'n Brandstof-doeltreffende stoof is 'n vuurbestande houer wat 'n pot of ketel kan hou. Onder in word 'n vuur gemaak en die houer hou die vlamme rondom die pot.



MATERIALS

20 litres old drum (cleaned)
Big nails
Wire
Pliers
Hammer
Wooden block



BENODIGHEDE

Ou 20 liter drom (skoongemaak)
Groot spykers
Draad
Tang
Hammer
Houtblok



STEP 1: CONSTRUCTING THE FIRE GRID

1. Approximately 5cm from the bottom of the drum, punch a row of holes around the drum. Use wooden block to stabilise drum when punching holes.
2. Insert wires in these holes and bend wire down on outside.
3. Punch additional holes to allow for more air flow.
4. Cut a square opening for fuel above grid.



STAP 1: BOU DIE VUURROOSTER

1. Slaan 'n ry gaatjies reg rondom die drom, omtrent 5cm van die bodem. Gebruik die houtblok om die drom te stabiliseer, terwyl gate geslaan word.
2. Steek draad van gat tot gat deur die gate en buig draad af aan die buitekant.
3. Maak nog gate vir verbeterde lugvloei.
4. Sny 'n vierkantige opening vir brandstof bo die rooster.

STEP 2: CONSTRUCTING THE POT GRID

1. Using a pot, measure the distance from the top of drum to make a pot grid.
2. Again, punch holes and form grid as in step 1.

STAP 2: BOU DIE POTROOSTER

1. Gebruik 'n pot om die afstand van die bopunt van die drom te meet, om die rooster in te sit.
2. Maak weer gate in die drom en vorm 'n rooster soos in stap 1.

A variety of alternative fuel sources can be burned in your new fuel-efficient stove. See page 7 and 19.

'n Verskeidenheid alternatiewe brandstowwe kan in hierdie stoof gebruik word. Sien bladsy 7 en 19.

THE WATER BASICS

BASIESE BEGINSEL VAN WATER



Water is the basis of all life on Earth as we know it. Unfortunately Namibia has only a limited fresh water supply as it is considered the driest country in sub-Saharan Africa.

Water is die basis van alle lewe op aarde soos ons dit ken. Ongelukkig het Namibië slegs 'n beperkte voorraad vars water, aangesien dit beskou word as die droogste land in die sub-Sahara streek.



Despite our limited water supplies, only 28% of Namibians surveyed said that they reused water on plants as their main way to save water. Everyone should have the right to clean water, but with it comes a responsibility to take care of that water.

Ten spyte van ons beperkte watervoorraad, het net 28% van Namibiërs wat aan die opname deelgeneem het aangedui dat hulle plante met hergebruikte water natgooi om water te spaar. Elkeen behoort die reg op skoon water te hê, maar daarmee is daar die verantwoordelikheid om die water verstandig te gebruik.

There are many ways to save water. A first step is for households to discover how much water is used and for what. This will show what activities waste the most water. For example, is it for bathing? Watering a garden? Or is there a leaking infrastructure?

Daar is verskeie metodes om water te spaar. Eerstens kan huishoudings vasstel hoeveel water hulle vir wat gebruik. Dit sal aantoon watter aktiwiteit die meeste water verbruik. Is dit byvoorbeeld vir badwater? Tuin natmaak? Of is daar pype in die infrastruktuur wat lek?

Start with a site inspection of the household and take water meter readings on a daily basis for at least one week. Water reduction and reusing activities can then be implemented to address the real problem.

Begin met 'n noukeurige terreininspeksie en neem daaglikse waterlesings vir ten minste een week. Dan kan waterbesparing en herverbruikte aktiwiteite geïmplementeer word wat die werklike probleem aanspreek.

HOW TO READ A WATER METER

There are two types of water meters: digital and analogue (dial-type).

Analogue meters

1. Start reading at the top of the meter. This is the thousands of litres of water (also called cubic meters or m³).
2. Then read clockwise around the dial.
3. Each small dial is read like a clock. If the indicator is between two numbers, record the lower number.
4. The sample water meter reads: 17.9061m³ or 17906.1 litres.




HOE OM 'N WATERMETER TE LEES

Daar is twee tipes watermeters: digitaal en analoog (Wysersplaat-tipe)

Analooq meters

1. Begin bo-aan die meter lees. Dit is die duisende liters water (ook genoem kubieke meter of m³).
2. Lees kloksgewys reg rondom die wyser.
3. Elke klein wyserskyf is soos 'n horlosie. As die wyser tussen twee getalle staan, skryf die kleinste getal neer.
4. Die watermeter in die voorbeeld lees: 17.9061m³ of 17906.1liters.



Remember water meters count up! Make sure to subtract the previous reading from the new one.

Watermeter lesings tel op. Onthou om die vorige meterlesing van die huidige lesing af te trek.

REDUCING YOUR WATER USE VERMINDER JOU WATERVERBRUIK

Reducing water use can be easy and inexpensive. Make sure to first find the main problem areas and then use the guidelines below to get started. Remember to adapt these to all areas of the household and to get all members of the family involved.



Om waterverbruik te verminder is maklik en goedkoop. Eerstens moet alle probleemareas gevind word. Gebruik dan die onderstaande riglyne om te begin. Onthou om hierdie riglyne in alle areas van die huishouding toe te pas en om alle familielede te betrek.

TURN OFF THE TAP

Turn off the tap while washing hands, brushing teeth, washing the dishes etc. Water use can be reduced from 1000ml/hand wash to less than 50ml/hand wash.



DRAAI DIE KRAAN TOE

Draai die kraan toe terwyl jy hande was, tande borsel, skottelgoed was ens.
~ Daardeur kan waterverbruik van 1000ml/hand was na 50 ml/hand was verminder word.

GET CLEAN WITH LESS WATER

Regardless if a shower, bathtub or bucket is used, considerable water can be saved by:

- ~ Reducing shower time.
- ~ Reducing flow of water (manually or with a low flow shower head).
- ~ Filling less water in the bathtub.
- ~ Using homemade bucket shower instead of a bucket/bowl.



WORD SKOON MET MINDER WATER

Afgesien daarvan of 'n stort, bad of emmer gebruik word, kan baie water gespaar word deur:
~ Storttyd te verkort.
~ Watervloei te verminder (met die hand of met 'n spesiale stortkop).
~ Minder water in die bad te tap.
~ Tuigemaakte emmer-stort te gebruik in plaas van 'n emmer of 'n skottel.

REDUCE WATER USE/FLUSH

Average toilets use more than 10 litres per flush! Install low or dual flush toilet to reduce use by 2-3 litres/flush.
~ Put a closed plastic bottle filled with water into toilet cistern to save 1 litre/flush.



In a five person household this can lead to savings of close to 200 litres per week!

VERMINDER WATERVERBRUIK/SPOEL

Gemiddelde toilette gebruik meer as 10 liter per spoel!
~ Installeer lae of dubbel spoeltoilette en verminder waterverbruik met 2-3 liter/spoel.
~ Plaas 'n toe plastiekbottel met water in die spoelbak en verminder water verbruik met 1 liter/spoel.

In 'n huishouding met vyf persone kan hierdie riglyne tot 200 liter per week spaar!

FIX BROKEN WATER PIPES

Even a small leak can waste up to 20 litres per day! Find and fix leaks quickly. Put a bucket under the leak to catch water to reuse until fixed.



~ Leaking taps can often be repaired with a new washer costing only 10 cents.

HERSTEL STUKKENDE WATERPYPE

Selfs 'n klein lekkasie kan tot 20 liter per dag vermors. Soek en herstel lekke vinnig.
~ Plaas 'n emmer onder die lekplek om die water op te vang en weer te gebruik tot die lek herstel is.
~ Lekkende krane kan dikwels herstel word deur n nuwe waster in te sit, wat slegs 10 sent kos.

REUSING YOUR WATER

HERGEBRUIK JOU WATER

Water use can also be reduced by reusing water in simple ways. The suggestions below all relate to reusing water for gardens. Fruit trees are a good source of nutrients while shade trees contribute to creating energy efficient households.



Waterverbruik kan dikwels verminder word deur water op maklike maniere te hergebruik. Die onderstaande voorstelle het almal betrekking op die hergebruik van water in tuine. Vrugtebome is 'n goeie bron van voedingstowwe, terwyl skadubome tot doeltreffende energie gebruik in huishoudings bydra.

DIRECTLY REUSE WATER

Kitchen and washing water can be reused directly on trees. To reduce soap in fruits:
~ Put some river sand/small gravel around the tree. Use fresh water only during the fruit production times.
~ Use biodegradable soaps.



DIREKTE HERGEBRUIK VAN WATER

Kombuis- en waswater kan direk op bome gebruik word. Om die seep in vrugte te verminder:
~ Plaas riviersand/klein gruisklippies om die stam.
~ Gebruik vars water gedurende die vrugdraende tyd.
~ Gebruik biologies afbreekbare seep.

REUSE SEWAGE WATER

If you have an independent septic system (not connected to a municipal system), you can reuse this sewage for trees.
~ Plant an indigenous tree that likes to have its roots in water next to the soak away pit. For example, the ana tree.

HERGEBRUIK VAN RIOOLWATER

Indien jy 'n onafhanklike septiese tenk het, wat nie aan die munisipale sisteem gekoppel is nie, kan rioolwater vir bome gebruik word.
~ Plant inheemse bome wat daarvan hou om met hulle wortels in water te staan langs die weekput, byvoorbeeld Anabome.



COLLECT RAINWATER

Install a gutter and water tank next to your roof to collect rainwater. This water can then be used for your garden.
~ A standard 6x8m flat roof house located in a rainfall area of 200mm per year would collect almost 10,000 litres.
 $(6 \times 8) \times 200 = 9,600$ litres



VERSAMEL REËNWATER

Installeer 'n geut en reënwaterrenk langs jou dak om reënwater op te vang. Die water kan dan in jou tuin gebruik word.
~ 'n Gemiddelde 6x8m plafdakhuis in 'n gebied met 'n gemiddelde reënval van 200mm per jaar kan amper 10,000 liter versamel.
 $(6 \times 8) \times 200 = 9,600$ liter

Treat every litre of water as if it costs as much as a litre of petrol!

~ If petrol costs about N\$7/litre and water was charged at the same rate, then every toilet flush would cost about N\$70!

Beskou elke liter water asof dit net so veel kos soos 'n liter petrol!

~ As petrol omtrent N\$7/1 kos, en water sou dieselfde prys hê, sou elke toilet spoel omtrent N\$70 kos!

THE WASTE BASICS

BASIESE BEGINSSEL VAN AFVAL



No one likes to deal with waste; however, household waste is increasing as people spend more money on consumable items. Many people feel that they have limited options and after a while, may adopt an "I don't care attitude". For example, after cleaning one's yard there is rubbish lying in it again the next day, as wind and people drop new litter.

waste removal takes place in municipal areas, Namibians living in rural areas often are without waste removal services. They are faced with the following questions:

- ~ How can we truly clean up waste?
- ~ How can we say no to extra packaging (e.g. plastics) that will quickly turn into waste?
- ~ How can rural communities implement their own recycling programmes to overcome expensive transport limitations to large towns?

A first step in taking action is identifying that litter and unmanaged waste is a problem. Secondly, positive action can be taken if waste is recognised as not only a burden, but potentially as a resource.

Thirdly through positive community action, rural areas can also be cleaned up and waste can be managed. Address waste management problems to local authorities to help solve uncontrolled litter and rubbish.

The following pages give some ideas as to how rural communities that do not have access to recycling centres can reuse and recycle their own waste.

Remember all waste products were items originally made for a purpose that took lots of energy and other resources were used to make them. So, when these items are just littered or burned, the energy is lost and potentially causes additional environmental problems.



Niemand hou daarvan om met afval te werk nie, maar huishoudelike afval neem toe soos mense meer en meer geld op verbruiksartikels bestee. Baie mense voel dat hulle nie baie opsies het nie en neem mettertyd 'n traak-my-nie-agtige houding in. Byvoorbeeld, nadat jy vandag jou erf skoongemaak het, lê daar weer môre nuwe afval soos mense en die wind dit strooi.



Alhoewel afvalverwydering in munisipale areas plaasvind, is Namibiërs wat in landelike gebiede bly dikwels sonder hierdie dienste. Hulle kom voor die volgende vrae te staan:

- ~ *Hoe kan ons waarlik afval skoonmaak?*
- ~ *Hoe sê ons nee vir bykomende verpakkingsmateriaal (soos plastiek) wat vinnig in afval verander?*
- ~ *Hoe kan landelike gemeenskappe hulle eie herwinningsprogramme opstel om hoë vervoerkostes na groot stede te vermy?*

'n Eerste stap tot aksie is om die afval en afvalprobleem te identifiseer. Tweedens, positiewe aksie kan geneem word as afval nie net as las nie, maar as potensiele hulpbron gesien word.

Die volgende bladsye gee idees oor hoe landelike gemeenskappe wat geen toegang tot herwinningssentrums het nie, hulle eie afval kan hergebruik en herwin.

Onthou, alle afvalprodukte was oorspronklik vir 'n spesifieke doel gemaak. Daar is baie energie en ander hulpbronne gebruik om hierdie produkte te vervaardig. So, as hierdie items net rondlê of verbrand word, gaan daardie energie verlore en veroorsaak ook addisionele omgewingsprobleme.



REDUCE, REUSE, RECYCLE => RETHINK VERMINDER, HERGEBRUIK, HERWIN => HERDINK

Good waste management starts by sorting rubbish into basic groups such as paper, plastic, glass, tin, compost and hazardous waste. Speak to local authorities to provide appropriate disposal of hazardous waste such as old batteries and car oil. Below are some suggestions for what can be done with some of this waste.



Goeie afvalbestuur begin met die sortering van afval in basiese groepe soos papier, plastiek, glas, blik, kompos en gevaarlike afval. Praat met munisipale owerhede oor die verantwoordelike verwydering van gevaarlike afval soos ou batterye en motorolie. Hieronder is 'n paar voorstelle oor wat gedoen kan word met sommige van hierdie afval.

REDUCE

The easiest way to get rid of waste is to produce less in the first place.

- ~ Choose products that have less packaging and show companies that their packaging is not wanted.
- ~ Use cloth shopping bags and say no to plastic bags!
- ~ Choose products that can be reused instead of lasting only once.



VERMINDER

Die maklikste manier om van afval ontslae te raak is om minder te produseer.

- ~ *Kies produkte met minder verpakking en wys maatskappye dat hulle verpakking onnodig is.*
- ~ *Gebruik lapsakke en sê nee vir plastieksakke!*
- ~ *Kies produkte wat meer as een keer gebruik kan word in plaas van eenmalige gebruik.*

REUSE

Household waste can often be reused without having to change it very much.

- ~ Food containers can be reused for homemade jams, stationery items, planters and flower pots and for children's art projects.
- ~ Use old tyres for children's playgrounds.



HERGEBRUIK

Huishoudelike afval kan dikwels hergebruik word sonder om dit baie te verander.

- ~ *Voedselhouers kan hergebruik word vir tuisgemaakte konfyt, skryfbehoeftes, blombakke en blompotte en vir kinders se kunsprojekte.*
- ~ *Ou bande kan gebruik word op speelgronde vir kinders.*

RECYCLE

To recycle is to process waste into something new. It often takes a lot of energy (can be your own).

- ~ Paper and tins can be recycled to make an alternative fuel source to be burned in fuel-efficient stoves. (Directions on following pages).
- ~ Food scraps can be made into a compost which can be used to fertilise soil for gardens and trees.



HERWIN

Herwinning is die proses waardeur afval na iets nuuts verander word. Dit verg dikwels baie energie (kan jou eie wees).

- ~ *Papier en blikke kan gebruik word as 'n alternatiewe energiebron en in brandstofdoeltreffende stowe verbrand word. (Aanwysings op volgende bladsye).*
- ~ *Voedselreste kan tot kompos verwerk word, wat gebruik kan word om tuine te bemes.*

RETHINK

Manufacturers are beginning to rethink how they make their products. Become informed and ask shopkeepers to sell local and environmentally friendly products.

OORDINK

Vervaardigers heroorweeg deesdae hoe hulle produkte vervaardig word. Wees ingelig en vra winkelaars om plaaslike en omgewingsvriendelike produkte te verkoop.

MAKING YOUR OWN RECYCLED FIRE BRICKS MAAK JOU EIE HERWINDE VUURBRIKETTE

Recycled paper fire bricks are a great way to address household energy needs, deforestation and waste. These fire bricks burn well in a fuel-efficient stove (see page 13).

Note: These are **not** fire lighters but rather a wood substitute



Vuurbrikette van hergebruikte papier is 'n doeltreffende manier om huishoudelike energie te verskaf en gelyktydig ontbossing en afvalophoping teen te werk. Hierdie brikette brand goed in brandstof-doeltreffende stowe (sien bladsy. 13). Let Wel: Hierdie is nie vuuraanstekers nie. Dit is slegs 'n plaasvervanger vir vuurhout.

MATERIALS NEEDED

Any sort of waste paper material
Sawdust (optional)
Compressing tool, i.e. brick-making press, tin or simply your own hands.

BENODIGHEDE

*Enige soort afvalmateriaal
Houtsaagsels (opsioneel)
'n Stuk gereedskap om die materiaal saam te pers, byvoorbeeld 'n baksteenpers, 'n blik of jou eie hande.*

GENERAL GUIDELINES.

1. Any kind of waste paper can be used.
2. Do not over compress. Make sure the bricks have enough air flow.
3. To burn make sure to use small pieces of paper or cardboard to get fire started.



ALGEMENE RIGLYNE

1. Enige tipe afvalpapier kan gebruik word.
2. Moenie te hard saampers nie. Maak seker daar is genoeg lugvloei in die brikette.
3. Om die brikette aan die brand te kry gebruik klein stukkie papier of karton om die vuur aan te steek.

STEP 1: COLLECT AND SOAK

1. Collect all kinds of waste paper including office paper, newspapers, egg cartons, thin paper packaging (i.e. flour bags) and magazines.
2. Loosely put waste paper into a large bucket or bowl, cover with water and soak overnight.

STAP 1: VERSAMEL EN WEEK

1. Versamel allerhande afvalpapier soos kantoorpapier, koerante, eierhouers, papierhouers vir meel en suiker, en tydskrifte.
2. Pak die papier losweg in 'n groot emmer of bak, bedek met water en laat oornag week.

STEP 2: MAKE PAPER MASH

1. Using your hands, mash paper into a pulp similar to oats porridge.
2. Add sawdust (if available) to paper mash in a ratio of about 1:6.



STAP 2: MAAK PAPIERPULP

1. Gebruik jou hande om die papier tot 'n pulp te verwerk wat die tekstuur van hawermout pap het.
2. Voeg houtsaagsels (indien beskikbaar) by die pulp in 'n verhouding van 1:6.

STEP 3: COMPRESS IN BRICKPRESS

1. Place paper mash in brick press and place a bucket underneath to catch water.
2. Compress paper mash to get rid of excess water. Make sure to not over compress as this will reduce burning rate.
3. Place paper brick on a drying rack and make sure to dry completely.
4. Burn in fuel-efficient stove.

STAP 3: PERS SAAM IN BAKSTEENPERS

1. Plaas papierpulp in baksteenpers en plaas emmer onder om water op te vang.
2. Pers pulp saam om van oortollige water ontslae te raak. Maak seker dit word nie te veel saamgepers nie, dit sal die brandvermoë verminder.
3. Plaas papierbrikette op droograk en maak seker dit droog heeltemal uit.
4. Verbrand in brandstof-doeltreffende oond.

MAKING YOUR OWN FIRE BRICK PRESS MAAK JOU EIE PERS VIR VUURBRIKETTE

To make recycled paper firebricks, a variety of brick presses can be used. Essentially the brick press has three components to it:

- ~ A bottom plate
- ~ The container
- ~ The press part

These components can be made in various sizes and shapes as firebricks do not have to be a certain size to work.

Depending on the quantity of bricks to be made a brick press can be:

- ~ Welded out of metal in the form of a traditional cement brick.
- ~ Hand-made out of an old tin. If it wears out a new one can be easily made at no cost.
- ~ Your hands.

The key to an effective fire brick is not necessarily the brick press but that there is enough airflow in the brick by not over compacting the paper during pressing.

These directions are for making a brick press out of an old tin.



Om vuurbrikette van afvalpapier te maak, kan 'n verskeidenheid van perse gebruik word. 'n Steenpers bestaan uit drie komponente:

- ~ 'n Onderste plaat
- ~ 'n Houer
- ~ Die pers gedeelte

Hierdie komponente kan in verskillende groottes en vorms vervaardig word, aangesien vuurbrikette nie 'n spesifieke grootte hoef te hê om goed te brand nie. Afhangende van die verlangde hoeveelheid brikette kan die pers gemaak word van:

- ~ Gesweiste metaal in die vorm van 'n tradisionele baksteen.
- ~ Handgemaak van 'n ou blik. As dit verslyt, kan 'n nuwe een sonder ekstra koste gemaak word.
- ~ Eie hande.

Die sleutel tot doeltreffende vuurbrikette is nie noodwendig die pers self nie, maar daar moet seker gemaak word dat genoeg lug in die briket ingesluit is deur die materiaal nie te veel saam te pers nie.

Die volgende aanwysings is vir 'n pers gemaak van 'n ou blik.

MATERIALS NEEDED

Old tin
Hammer
Big nails
Tin opener



BENODIGHEDE

Ou blik
Hammer
Groot spykers
Blikoepsnyer

STEP 1: CUTTING THE TIN

1. Remove the lid and the bottom of the tin.

STAP 1: SNY DIE BLIK

1. Verwyder deksel en onderste gedeelte van blik.

STEP 2: ADDING HOLES

1. Punch holes into the side of the tin to allow water to flow out.

STAP 2: MAAK GATE

1. Maak gate in die sykant van die blik sodat water kan uitvloei.

USING THE TIN BRICK PRESS

1. Put the brick press in a flat bottomed bucket.
2. Add paper mash and using your hand (or other pressing tool) press mash so that water comes out of the holes on the sides.
3. When water is mostly removed, push paper brick through tin and let dry.
4. Make sure to reuse water (see page 16).

GEbruik DIE BLIKPERS

1. Plaas die pers in 'n emmer met 'n plat boom.
2. Vul blik met papierpulp en gebruik jou hande, (of ander werktuig) om die pulp saam te druk sodat die water by die gate aan die kant van die blik uitvloei.
3. As die meeste water uit is, haal blik met pulp uit emmer, druk pulp uit blik en laat droog word.
4. Maak seker jy hergebruik die water (sien bladsy 16).

MANAGING SANITATION

Proper management of human waste remains a large problem in many communities in Namibia. Many people still use the bush as their regular toilet. There are however several options to address sanitation and improve hygiene. This is a brief overview of sustainable, environmentally friendly options available to manage sanitation.



Die gepaste bestuur van menslike afval bly 'n groot probleem in baie gemeenskappe in Namibië. Baie mense gebruik steeds gereeld die bosse as hulle toilet. Daar is egter verskeie opsies om die sanitasieprobleem aan te spreek en higiëne te verbeter. Hier volg 'n kort oorsig oor volhoubare, omgewingsvriendelike opsies vir sanitasie.

USE DRY SANITATION

Dry sanitation systems use the principle of dehydrating or decomposing faeces and urine to destroy bacteria and diseases. Dry toilets also do not need plumbing, water or chemicals. Examples are:

- ~ Urine Diversion System (UDS) toilets. The two-chamber toilet separates urine and faeces immediately. The faeces dry out and the urine can be used for fertilizer.
- ~ Arborloo toilets. These use the basic Ventilated Improved Pit (VIP) latrine as the basis. When the pit is full, the toilet house is moved and a tree planted in composted faeces.



GEbruik DROË SANITASIE

Droë sanitasie maak van die beginsel van uitdroging en ontbinding van ontlasting en urine gebruik om bakterieë en siektes te vernietig. Droë toilette gebruik ook geen pypwerk, water of chemikalieë nie.

- Voorbeelde is:*
- ~ Urine Afleidende Sisteem (UDS) toilette. Hierdie twee-kamer toilet skei die urine en ontlasting onmiddellik. Die ontlasting droog uit en die urine kan vir bemesting gebruik word.
 - ~ Arborloo toilette: Hier word die gewone Verbeterde Ventilasië Put latrine as basis gebruik. As die put vol is, word die huisie verskuif en 'n boom op die ontbinde ontlasting geplant.

INSTALL AND MAINTAIN WELL

- ~ Make sure to install your toilet away from your underground water source.
- ~ Install a long, black ventilation pipe on the sun-facing side.
- ~ Keep the toilet seat closed when not in use.
- ~ Add some ash after use to reduce smell.
- ~ Do not add chemicals or soaps into toilet.
- ~ Promote bacteria to help decompose faeces.
- ~ Keep toilet seat, lid and floor clean.
- ~ Use small amounts of single-ply toilet paper.
- ~ Educate all toilet users in correct use.
- ~ Provide hand washing facilities with soap.



INSTALLLEER EN ONDERHOU GOED

- ~ Installeer jou toilet ver van jou ondergrondse waterbron.
- ~ Installeer 'n lang, swart ventilasiepyp aan die sonkant.
- ~ Hou die toiletdeksel toe wanneer die toilet nie gebruik word nie.
- ~ Voeg as by na gebruik om die reuk te demp.
- ~ Moenie chemikalieë of seep in die toiletbak gooi nie.
- ~ Bevorder die groei van bakterieë om die ontlasting te help ontbind.
- ~ Hou die toiletsitplek, -deksel en -vloer skoon.
- ~ Gebruik slegs klein hoeveelhede enkellaag toiletpapier.
- ~ Voed alle gebruikers op hoe om die toilet korrek te gebruik.
- ~ Verskaf fasiliteite om hande met seep te was.

HOW SUSTAINABLE IS YOUR LIFESTYLE? HOE VOLHOUBAAR IS JOU LEEFWYSE?

Use the checklist to monitor your progress in living a sustainable lifestyle. Remember that the greenest solution depends on your local situation. There is not always just one answer!

Gebruik die lys om jou vordering na 'n volhoubare leefwyse te monitor. Onthou dat die groenste oplossing van jou eie situasie afhang. Daar is nie altyd net een antwoord nie!


Do you turn off the lights when not in use?	Skakel jy die ligte af wanneer hulle nie gebruik word nie?
Do you use energy efficient appliances?	Gebruik jy energie doeltreffende toestelle?
Do you remove appliances at the plug?	Haal jy toestelle by die muurprop uit?
Do you only heat the water you need?	Verhit jy net die hoeveelheid water wat jy gebruik?
Do you save water while bathing?	Spaar jy water as jy bad?
Do you solar cook?	Kook jy met sonenergie?
Have you done a water audit?	Het jy 'n water oudit gedoen?
Do you turn off the tap?	Draai jy die krane toe?
Do you use dry sanitation or limit water use in flush toilets?	Maak jy gebruik van droë sanitasie of verminder jy die spoelwater in toilette?
Have you planted indigenous trees?	Het jy inheemse bome geplant?
Do you reuse water?	Hergebruik jy water?
Do you use cloth shopping bags?	Gebruik jy inkopiesakke van lap?
Do you recycle?	Herwin jy?
Do you look at packaging when buying items?	Kyk jy na die verpakking wanneer jy iets koop?
Are you efficient?	Is jy doeltreffend?

Skakel jy die ligte af wanneer hulle nie gebruik word nie?
Gebruik jy energie doeltreffende toestelle?
Haal jy toestelle by die muurprop uit?
Verhit jy net die hoeveelheid water wat jy gebruik?
Spaar jy water as jy bad?
Kook jy met sonenergie?
Het jy 'n water oudit gedoen?
Draai jy die krane toe?
Maak jy gebruik van droë sanitasie of verminder jy die spoelwater in toilette?
Het jy inheemse bome geplant?
Hergebruik jy water?
Gebruik jy inkopiesakke van lap?
Herwin jy?
Kyk jy na die verpakking wanneer jy iets koop?
Is jy doeltreffend?

Use this guide as an inspiration to explore all impacts that your lifestyle has on the environment. Take action to find answers and live in harmony with nature.




Gebruik hierdie gids as inspirasie om die impak van alle aspekte van jou leefstyl op die omgewing te ondersoek. Tree daadwerklik op om antwoorde te vind en in harmonie met die natuur te lewe.



**Are you making efficient
lifestyle choices?
Maak jy doeltreffende
leefwyse keuses?**

Design: Dirk Heinrich
Photo Library, 2011



ISBN 978-99945-72-06-9
9 789994 457206